Hoe om ’n plastiek-koeldrankbottel te hergebruik

Graad R tot 6

Hierdie is ’n relatiewe goedkoop en eenvoudige manier op ’n kreatiewe manier kinders besig te hou terwyl hulle sommer ook leer van herwinning of hergebruik.

Onderwerp: Herwinning, Handvaardighede, Handwerk en Beeldende kunste

Stappe

1. **Benodighede:**
   - ’n 500ml, 1l of 2l plastiese koeldrankbottel
   - ’n Stewige skêr (bv. kombuisskêr)
   - ’n Skerp fyntand saag of mes
   - Verf (opsioneel)
   - Buigbare dog stewige draad (ongeveer 30cm per persoon) – blommedraad sal goed werk (opsioneel)
   - ’n Teelig-kersie (per persoon)
   - Gom
   - ’n Gewone dikte kers (sommer die goedkoop soort)
2. Meeste van die plastiekbotteltjies het ’n lyn net bokant die rondings van die bodem. Saag ’n gleuf op daardie lyn, groot genoeg om die skêr se punt gemaklik daarin te kry.
3. Sny die res van die botteltjie al op daardie lyn met die skêr.
4. Met die bodem van die botteltjie, sny ’n ronding om ’n blaar te vorm, by elke "hobbeltjie".
5. Wanneer jy klaar al die rondings gesny het, kan die bodem net so gebruik word vir ’n tee-lig blaker. Vir variasies kan die "blaker" geverf word en net so op ’n tafel staan of in ’n bak met water dryf.

Stappe

6. Indien jy ’n blommetjie wil maak, maak ’n klein gaatjie reg in die middel van die bodem.

   Druk nou die draad deur die gaatjie en buig ’n kort stukkie van die draad aan die binnekant van die blommetjie om sodat die draad nie kan uitglip nie. Weereens vir variasie kan die "blommetjie" verskillende kleure geverf word. Die blommetjie kan in ’n potjie met grond ingedruk word vir ’n sorgvrye "potplantjie" iewers in die huis of buite in die tuin.

7. Die naamlint kan gebruik word om "blaartjies" van uit te knip en aan die draadjie vas te plak.

8. Van die onderkant van die bottel af is daar in meeste gevalle ’n tweede en ’n derde lyn. Saag en / of sny nou op die derde lyn (bokant die naamlint) die bottel reg rondom af.

9. Sny nou gleuwe ongeveer 2cm elk in die gedeelte waar die naamlint was tot op die lyn wat onder die naamlint was.

10. Vou nou hierdie stroke na binne en plak met stewige gom aan mekaar vas om ’n bodem te vorm.

11. Hierdie gedeelte kan nou vir ’n pennehouer of iets dergeliks gebruik word.

12. Die bek en nek gedeelte (prop ingesluit) kan gebruik word om die gewone dikte kers in te sit en as ’n blaker te gebruik. Hierdie gedeelte kan nou of in grond ingedruk word of selfs in ’n drinkglas ingesit word om staande te bly. Die nek sal dus dien as opvangbakkie vir die kers wat smelt en keer dat dit op die tafel of vloer uitloop.

    Siedaar!! Daar het jy pas die hele botteltjie hergebruik!

    Variasie - geskenkboksie

1. Saag ’n gleuf op die tweede lyn van die onderkant van die bottel af (aan die onderkant van die naamlint), groot genoeg om die skêr se punt gemaklik daarin te kry.

2. Sny die res van die botteltjie al op daardie lyn met die skêr.

3. Sny nou ’n gleuf in die "lyf-gedeelte" tot net voor die punt waar die bodem se ronding begin.

4. Sny die "vlerkies" elk rond.

5. Vou nou elke "vlerkie" terug na binne om jou "geskenk-boksie" toe te kan maak. Vir variasie kan die "boksie" ge-decoupage of geverf word. Jy kan dit selfs vir lekkergoedpakkies gebruik.

Wenke

1. As jy wil kan jy sommer vir elkeen (onthou van jouself ook) ’n botteltjie koeldrank koop, dat hulle dit drink en dan sommer dieselfde botteltjie gebruik vir die projek.
2. Verskillende make van koeldrank sal verskillende eindprodukte oplewer aangesien die vorms van die botteltjies verskil.
3. ’n Mes met fyn skerp tande kan gebruik word om die botteltjie te begin sny. Dit maak dit makliker as daar ’n gleuf in die bottel is, om die skêr se lemme in te kry.
4. Kyk gerus op die Internet vir nog idees. Daar is baie oulike projekte wat jy met plastiekbottels kan maak.
5. Daar is ook ’n Hoe om – hoe om eko-bakstene te maak.

Waarskuwings

1. Skerp voorwerpe kan maklik sny, so werk dus versigtig.